PREDIKANTE:
Dr. Braam Krüger
☎ 082 459 5636
Ds Louis Buys
☎ 082 927 2034

BERIGTE:
polsslag@gkbenoni.co.za
WEBBLAD:
www.gkbenoni.co.za
FACEBOOK:
https://www.facebook.com/GKBenoni/

Polsslag

Rom 12:2

Gereformeerde Kerk Benoni

ADMINKANTOOR:
Ma-Vr 08:00-14:00
Ina Bolt
☎ 011 849 2054
☎ 084 339 1136
inabolt@gkbenoni.co.za

KOÖRDINEERDER
Ronel Ritchie
☎ 011 849 6817
☎ 081 218 3048
ronel@gkbenoni.co.za

5 Maart 2017

Saam verheerlik ons God deur voortdurende metamorfose.

VANDAG SE EREDIENSTE:

OGGENDDIENS 09:00

ds. Louis Buys

Skriflesing: *Matt 6:19-34 & Spreuke 4:20-27*
Teksvers: *Matt 2:22-23 & Spr 4:25-27*
Tema: *Aan wie of wat gee jy aandag?*
Is jy aandagafleibaar?

LOF-EN AANBIDDINGSDIENS 17:00

dr. Braam Krüger

Skriflesing: *Spreuke 3: 1-15*
Teksvers: *Spreuke 3: 1*
Tema: *"Leef met voorbedagte rade" - saam met die Here.*

AANDDIENS 18:30

ds. Louis Buys

Skriflesing*: 1 Joh 3:11-24*
Teksvers*: 1 Joh 3:21*
Tema*: Is ons skaam om tot God te nader?*

HARTLIK WELKOM AAN ALLE LIDMATE EN BESOEKERS
KOM GENIET 'N KOPPIE KOFFIE/TEE NA DIE EREDIENS IN DIE SAAL

As jy graag die PITKOS of POLSSLAG weekliks per e-pos wil ontvang stuur asb 'n e-pos met die onderwerp "PITKOS" of "POLSSLAG" aan polsslag@gkbenoni.co.za, en ons voeg jou by die adreslys.

KNIELTYD - Ons gee om vir mekaar

ONS DOEN VOORBIDDING VIR:

- Theo Buys se elmboog was Maandag geopereer na 'n rugbybesering. Ons bid hom 'n spoedige herstel toe.

ONS IS DANKBAAR SAAM MET :

VANUIT ONS POSBUS

- "Ons wil graag baie dankie sê vir almal wat saam met ons bid vir ons dogter Arina jnr wat Lupus het. Na 'n week van intensiewe toetse is bevind dat daar nie agteruitgang is nie, maar selfs geringe beterskap! Ons prys die Here vir sy genade! Sy ondervind werklik die krag van gelowiges se gebede en sê dankie. Jan en Arina Lubbe "

- Tannie Ria Nel het Maandag 'n 16de agterkleinkind ryker geword. Baie geluk!

Het jy behoefte dat iemand vir jou of saam met jou bid? Jy kan jou gebedsversoeke stuur na 084 627 2393 Ons bid graag vir jou!

GEMEENTENUUS:

Die volgende lidmate sluit by ons aan met attestate. Hartlik welkom.

- Johan & Elsa Harmse vanaf GK Hoëveld.
- Karel & Susan Schultz vanaf GK Alkantrand
- Juan en Daleen Kotze vanaf GK Kemptonpark Mooifontein
- Bets Harris en dooplidmaat George vanaf GK Delmas
- Roelf, Gerda en Armand Bezuidenhout vanaf GK Kemptonpark.

DAGBOEK VIR VIR DIE WEEK

DAG		AKTIWITEIT	KONTAK PERSOON	LOKAAL
So. 5/03	08:00 - 09:00 09:00 Na oggenddiens Na L/A diens	Gebedsuur Peueterklas (2-4jaar) Katkisasie Gr 1 tot 7 Katkisasie Gr 8 tot 11	Donsie Krüger Anneke Salomons Adri van Tonder Adri van Tonder	Ou Moederskamer Kerkhuis Onderskeie locale Onderskeie lokale
Ma. 4/03	09:30	Bybelstudie Rynpark 5	Adrie Goede	Rynpark 5
Di. 5/03	09:00	Koördineringsvergadering	Ronel Ritchie	Konsistorie
Wo. 6/03	19:00	DUST—hoërskool bybelstudie	Waldo Niemandt	Konsistorie
Vr. 8/03	09:00	Bybelstudie	Braam Krüger	Konsistorie

TEESKINK BEURTE

Vandag	Wyk A6 olv Fanie Gouws
Volgende week	Wyk F25A olv Lenie Venter

DAGBOEKDATUMS

11/04	Susterssaamtrek - Boksburg
16/03	Klassis Verre Oosrand
18/03	Visvangdag
31/03 - 2/04	Gemeentekamp

VERJAARSDAE
5 - 11 Maart

DAG	NAAM	KONTAK NO.
5/03	Lisa Laubscher Anna Smit *** Peet Venter	☎ 082 902 2488 ☎ 072 775 0576 ☎ 083 400 7107
6/03	Tanet Schutte Hein van Tonder ☺ Elmarie Willemse	☎ 082 810 9269
7/03	Gareth Jonas ☺	
9/03	Fouché Bornman Mieke van Kaam	☎ 082 637 6067 ☎ 082 337 5054
10/03	Julanie Fasen	☎ 082 903 4298
11/03	Johan Goosen Nathan Katz ☺ Matthew van Zyl ☺	☎ 073 303 0212

(☺ doop-l) (* 70 ≤ 79) (** 80 ≤ 89) (*** 90≤)

KOLLEKTES 26 Feb 2017

- Diens van Barmhartigheid : R 6013
- Sustentasie fonds : R 1645

Vandag: Onder die diens: DVB
By die deure: Teologiese studentekas
Volgende week: ARSO

WIE IS JOU FAMILIE?

Ons is 'n gemeente van wyke/kleingroepe - dit is hoe ons werk want EENHED, LIEFDE EN DIEN is wat God van ons verwag.

Lees gerus Johannes 17:20-21, Johannes 13:34-35 en 1 Korintiërs 12:7

Wyke / kleingroepbediening probeer - gehoorsaam aan God se Woord - die klem daarop lê dat lidmate verantwoordelikheid vir mekaar sal neem. Die Bybel wemel immers van die "mekaar" -tekste. Hier is net 'n paar…

Joh 13:34; 1 Pet 4:10; Gal 6:2

Ons het in die GK-Benoni gemeete 'n groot getal wyke wat tans vakant is. Ons het die gemeente se hulp nodig om leiers te identifiseer om as wyksleiers te dien. Weet jy dalk van iemand in die gemeente wat die gawes het om 'n wyk te bedien en lei?

As jy weet van iemand, of 'n voorstel wil maak, stuur asb 'n e-pos aan: ronel@gkbenoni.co.za, of sms/whatsapp my op ☎ 081 218 3048.

PS. Daar is tans sowat 13 wyke wat leiers nodig het.

GEMEENTEKAMP 2017.
31 MAART – 2 APRIL

Kom kamp weer lekker saam van 31 Maart tot 2 April 2017 by **Malonjeni Game Farm** tussen Heidelberg en Meyerton, waar jy jou battery kan herlaai en jou vreugde kan terugvind.

Daar is 180 karavaan-staanplekke en 'n verskeindenheid chaletsbeskikbaar. Daar is ook 'n swembad, tafeltennis, 'n plaaswerf en stap- & fietsry paadjies.

Ons gaan Sondag 'n erediens in die kerkie hou.

Besprekings kan direk by Malonjeni ☎ 082 309 8075 , of ☎ 016 424 5932 gemaak word,

Of per epos bookings@malonjeni.co.za .

Verwysing: Naam en GK Benoni

Vir meer inligting oor Malonjeni Lodge gaan kyk gerus op hulle webwerf.

Navrae: Derik van Niekerk ☎ 063 354 9731

BYBELVRAAG VIR DIE WEEK

Verlede keer 26 Februarie 2017 se antwoord:Genesis 5:28 " Toe Lameg 182 was, het hy die vader geword van 'n seun. Hy het die seun Noag genoem, "" want"" het hy gesê, "" hierdie seun sal ons opbeur in die harde werk met ons hande en in ons swaarkry op die grond wat deur die Here vervloek is."

Die volgende Bybel lesers het korrekte antwoorde ingestuur Jan Lubbe;Jan Bakker; Una Steyn; Chrissie Pretorius; Martie Gibson; Judy Greyling

Hierdie week: Soek die Bybelvers

" Skeur julle ????? , nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. "

Vraag: Wat, volgens die profeet Joël, behoort ons en Israel in plaas van klere te skeur as teken van berou oor sondes?

Lees gerus Joël en noem wat behoort geskeur te word as teken van berou en noem waar bostaande vers staan en SMS dit met jou Naam en Van na 082 873 3173.

HET JY GEWEET : Kerklike Tydskrifte

Die Sinode het vir baie jare deputate vir kerklike tydskrifte aangewys. Hierdie deputate sien toe dat die verskillende tydskrifte die lig sien en dat daar 'n redaksiekommissie vir elke tydskrif is wat saam met die redakteur van elke tydskrif die inhoud bepaal.

Die Administratiewe Buro behartig die administrasie, intekening, versending en finansies van die tydskrifte.

Die Kerkblad : Die blad verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur. Die Maandbode se laaste uitgawe eindig in 1894 met prof. Jan Lion-Cachet en prof. S Postma as redakteurs. Het Kerkblad met prof. Jan Lion-Cachet as redakteur verskyn sedert 1 April 1906. Vanaf 1 Junie 1922 verander "Het Kerkblad" na Die Kerkblad met dr. JD du Toit en ds. T Hamersma as redakteurs.

Die Kerkblad verskyn 11 keer per jaar. Prof Callie Coetzee is tans die redakteur van Die Kerkblad.

Intekening: om Die Kerkblad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: kerkblad@gksa.co.za

Die Gereformeerde Vroueblad: Die Gereformeerde Vroueblad verskyn sedert Junie 1946 met mev. JM du Plooy as redaktrise. Die Vroueblad verskyn 11 keer per jaar. Die redaktrise is tans mev Cobie Steyn.

Intekening: om die Vroueblad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: cobiesteyn@live.com

Slingervel: Tydens Sinode 1961 (Handelinge 1961:289) word besluit dat die Gereformeerde Katkisant se naam verander word na die Slingervel. Dr. KS van Wyk de Vries word die eerste redakteur van die Slingervel.

Die Slingervel verskyn 11 keer per jaar. Dr Hennie van Wyk is die redakteur van die Slingervel.

Intekening: om die Slingervel per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by tydskrifte@gksa.co.za Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: slingervel@gksa.co.za

Kruispad: Kruispad is 'n kerklike publikasie vir tieners en jongmense tussen 16 en 26 jaar. Kruispad is 'n eietydse tydskrif met Reformatoriese inhoud, gefokus op aktuele sake, gerig op jong, groeiende gelowiges om toerusting te gee vir die maak van ingeligte keuses wat lei tot geloofsgroei.

Die Kruispad verskyn 4 keer per jaar. Mev Karin Bain is die redaktrise van die Kruispad.

Intekening: om die Kruispad per pos te ontvang of elektronies te lees skakel die Administratiewe Buro by 018 297 3986/7/8/9 of per e-pos by kantoor@kruispad.net

Vir bydraes, briewe en kommentaar: E-pos: kantoor@kruispad.net Webblad is www.kruispad.net

DEEL 6

GELD VIR JOU SONDE….

Johan van der Merwe Reformasie 500, teologie

"Goeie dade maak nie van jou 'n goeie mens nie, maar 'n goeie mens doen goeie dade!"

Hierdie stelling van Luther is een van die vele wat hom direk in stryd met die kerk gebring het. Hy het dit veral teen die verkoop van aflaatbriewe gehad. Op 24 Februarie 1517 het Luther die aflaatstelsel in 'n preek veroordeel. Volgens hom het die stelsel mense aangemoedig om sonde te doen en hulle daarvan te weerhou om God regtig as 'n genadige Verlosser te leer ken.

Die aflaatstelsel was gebasseer op goeie werke wat uit vrees en pligsbesef gedoen is. Volgens die leerstellinge van die Middeleeuse Katolieke kerk het Christus, Maria en die heiliges sonder sonde geleef en gesterf. Hulle het ook 'n groot aantal goeie werke gedoen wat in die hemel bewaar is.

Omdat gewone mense aan die einde van hul lewe meer sonde as goeie werke gehad het, moes hulle 'n boete daarvoor betaal. Hierdie betaling is gemaak deur 'n bepaalde tyd in die vagevuur deur te bring.
Wanneer die tyd verstryk het, is 'n sondaar tot die hemel toegelaat.
Familie en vriende kon aflaatbriewe koop om 'n person se tyd in die vagevuur korter te maak. Lidmate kon ook terwyl hulle nog geleef het, aflaatbriewe koop wat dan van die goeie dade wat in die hemel bewaar word na hulle lewe as krediet oorgedra sou word.

Luther het die stelsel nie net in die prediking aangeval nie. Volgens tradisie het hy op 31 Oktober 1517 sy standpunt in 95 stellinge teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker. Twee sake het hom gemotiveer:

1. Tenzel, 'n Dominikaanse monnik het aflaatbriewe in die omgewing van Wittenberg begin verkoop. Sy bemarkingsstrategie het bestaan uit 'n reuse vuur wat op die dorpsplein gemaak is. Inwoners van die dorp is dan vertel dat 'n soortgelyke vuur, net veel warmer, op almal wag indien hulle nie aflaatbriewe koop nie.

Besigheid het gewoonlik goed verloop en die kerk het enorme bedrae geld uit die vrees van mense ingesamel. Daar is vas geglo dat wanneer " 'n muntstuk in die geldkis val, 'n siel uit die vagevuur sou spring" . Die geld is vir die bou van die Basilika in Rome ingesamel waar die "bene van Petrus, Paulus en ander heiliges" in haglike omstandighede bewaar is.

2. Luther was bekommerd oor die pastorale gevolge wat die verkoop van aflaatbriewe ingehou het.

Na Luther se ontmoeting met die genadige God van Romeine 1 kon hierdie bedrog nie langer voortgaan nie. Met die 95 stellinge sou hy sy lewe op die spel plaas om dit stop te sit.

Lees volgende week: " EK KIES CHRISTUS EN DIE KRUIS!"

Vir 'n gemeente om finansieel te oorleef en al die uitgawes te kan dek, maak ons hoofsaaklik staat op vrywillige finansiële skenkings/ Donasies/ Dankoffers/ Liefdegawes/ Bydraes.

GK BENONI BANKBESONDERHEDE:
BANK : ABSA
TJEK REK : 220 340 333
VERWYSING : Volle Naam, Van & Doel

Of SNAPSCAN:

Barmhartigheid

Deur kollekte